

RADIO EN
tv

By die Poswese is nuusblad ingeskrif

30c


dagboek

VOLLEDIGE PROGRAMME

13 TOT 20 JUNIE 1976

03024

**Verslag
in
volkleur:
Die
bloedige
stryd in
Rhodesië**





dagboek



Die stryd in Rhodesië woed reeds tien jaar. Wat gaan die uiteinde wees? Verskeie faktore sal dit bepaal... bl. 9.

ARTIKELS

Dis oorlog in Rhodesië	9
Murg uit die vreemde red 'n kankerlyertjie	21
Wat vang koningin Frederika nou weer aan?	25
Nixon se laaste dae	29
Hallo daar anderkant die glas	71
Is hierdie bok 'n oplossing, dr. Craven?	81
TV se boskonsert vir ons grensmanne	89

RADIO EN TV

TV-hoogtepunte	33
Klassieke Keur	35
Afrikaanse Diens	34-60
Engelse Diens	37-58
Op die keper	55
Port Natal, Goeie Hoop, Hoëveld, Radio 5	61

VOORBLAD: 'n Rhodesiese soldaat wat tydens 'n vuurpylaanval verwond is, ontvang noodbehandeling voordat hy per helikopter na 'n hospitaal gebring word. (foto: Al J. Venter).

Artikels, foto's en verhale wat vir publikasie bedoel is, moet aan die Redakteur, Radio en TV DAGBOEK, Posbus 32083, Mobein 4060, gerig word. 'n Gefrankeerde koevert moet alle bydraes vergesel. Die uitgewers tref alle moontlike voorsorg teen beskadiging of verlies, maar aanvaar nie aanspreeklikheid daarvoor nie.

Musiek '76	61-64
Springbokprogramme	66
Springbokhoogtepunte	67

VERHALE

'n Roofuil vlieg oor Mosambiek (Hoofstuk 6) — deur Andreas Duplessis	23
Vandag is die dag van waarheid, dominee — deur C. J. Venter	75
Bevry my dan van jou liefde — deur Brandt de Nysschen	83

GEREELD

In die volgende uitgawe	4
Om die kassie	6
Briewe	7
Die geskiedenis van die lugvaart	94

HOOFKANTOOR: Suidkusweg 1322, Mobein, 4001 (Posbus 32083, Mobein, 4060) Tel. 42-5211

TAKKANTOOR: JOHANNESBURG: 1 Verdiepung, Medbank City East, tv/End- en Daviessstraat, Doornfontein, Posbus 2595, Johannesburg, 2000 Tel. 22-1355/6 KAAPSTAD: Consolidatedgebou, Loopstraat 112 (8001), Posbus 11/100 (8000) Tel. 2-3985 Londen: International Press Centre, Shoe Lane, London EC4A 3JB Tel. 353-4484/5 & 353-3657/8 NEW YORK: Press Features International 18 East 41st St, Suite 1404, New York, NY 10017 Tel. 532-2508 SALISBURY: Reliancegebou 407 Spekelaan, Tel. 2-5863

JOHANNESBURG R.P. BEMARKINGSDIENS: Terry Moolman en Noel Coburn
ADVERTENSIE MA-TERIAAL: Robin Dukoff-Gordon, Tel. 22-7878 12e Verdiepung, Medbank City East, h/v End- en Daviessstraat, Doornfontein, Posbus 2595, Johannesburg, 2000

DURBAN ADMINISTRASIE: Administratiewe bestuurder Roy Minnaar, Posbus 32083, Mobein, 4060 Tel. 422045

KAAPSTAD: Robin Willmot, 1e Verdiepung, Consolidatedgebou, Loopstraat 112, Kaapstad, 8001 Tel. 43-7251

PORT ELIZABETH: Val Ruhl, Standard Bankgebou 615, Hoofstraat 32, Port Elizabeth, 6001, Tel. 24661

LONDEN: Stokes & Lindley Jones Ltd, Alverstoke House, 21 Montpelier Row, Blackheath, London S.E.3

EN SUIDWES DAN?

SUIDWESTERS sit nie net sonder televisie nie. Terwyl die Transvalers heerlik na Radio Hoëveld luister en Kaaplanders op Radio Goeie Hoop en Natallers op Port Natal inskakel, sit ons selfs sonder so 'n voorreg. Ontvangs is soms nie waffers hier by ons nie. Senders van die Afrikaanse, Engelse en handelsdiens se radiogolwe is nie altyd sterk en duidelik nie. Hoewel ons lekker na die streeknuus uit Windhoek luister, sou ons darem graag 'n alternatiewe sender soos Port Natal of Radio Goeie Hoop of Radio Hoëveld wou hê.

A. de Villiers

WINDHOEK

BRUG 14

AS oud-soldaat het ek geesdriftig op Vrydag, 30 April, ingeskakel op die rekonstruksie van die slag van Brug 14. My opwinding het egter gou afgeneem, want vir my het die film as TV-aanbieding gefaal. Ek was deurentyd bewus daarvan dat dit 'n blote rekonstruksie is van 'n klinkende oorwinning wat ons manne teen die Kubane in Angola behaal het. Dit het eerder na krygsoefeninge vir my gelyk.

Die soldate het eenmaal te lusteloos van die vragmotors afgespring om tot die aanval oor te gaan en van die Kubane en hul dodelike wapens het 'n mens glad te min gesien. Nee wat, Brug 14 kon hulle maar daar gelaat het!

M. Eloff

KAAPSTAD

'N PLAKFOTO, ASSEMBLIEF

TWEE jaar gelede toe ek in standaard vyf was, het die gier om plakfoto's te versamel my beetgepak. Foto's van bokkers, krieketspelers, popsterre, radiopersoonlikhede, filmsterre en rugbyspelers pryk op my kamermuur. Nou het ek nog net ruimte vir een plakfoto oor.

Ek kan dit volmaak met 'n plakfoto van een van die krieketsterre wat onlangs teen die Internasionale Wanderers gespeel het of wag tot die All Blacks hier is... maar nee, Haas Das geniet voorkeur. Plaas tog asseblief 'n plakfoto van hom en oom Riaan Cruywagen. Tot dan bly sy plekkie leeg teen my kamermuur.

F. van Breda

WESTVILLE

SO NOOIT AS TE NIMMER

ONS geniet die nuwe TV-gier terdê. Die kykkas wat ons woning versier, verskaf ons baie genot, want die programme is uit die boonste rakke. Ons verseg egter om slawe van hierdie vermaaklikheidsvorm te word. O nee... die kinders word geleer om net die beste programme te waardeer, selektief te werk te gaan en slapenstyd vir hulle is nog dieselfde as in die dae voor die aankoms van die kykkas.

Net 'n uithalerprogram kan my van gedagte verander as ek die aand besluit om met 'n goeie boek in die vere te kruip. Ek en my gesin gaan TV geniet, maar nie daaraan verslaaf raak nie.

Kraai

STRAND

KONINKLIKES

KONINKLIKES en die lewe wat hulle voer, boei my al van kleintyd af. Vir my is elke koninklike as 't ware 'n onvoltooid legkaartprentjie wat 'n mens met nuusbrokkies tot 'n geheelbeeld kan uitbou. So leer jy dan die pragonken. Die interessante aangeleenthede oor koningin Elizabeth (ek het nie geweet dat sy so 'n vurige aanhanger van homeopatie is nie), prins Bernhard en prinses Margaret en haar Snowdon-spruite het my van verskeie vermiste legkaartstukkie versien. Dankie.

Mev. E. Dempsey

JOHANNESBURG

WAAR'S DIE KAM?

OOR die algemeen is die TV-programme goed. Die popmusikante op Pop Shop en Starboard steek my egter dwars in die krop. Party lyk maar treurig met hul bossiekoppe en dan dra sommiges boonop sonbrille in die ateljee. Hulle kan immers kop kam voordat hulle optree of 'n haarkapper besoek.

Nou die dag was daar 'n agtermekaar groeie voor die kamera. Nogal oulik, het ek gedink, maar toe die kamera effens na links beweeg, staan daar weer 'n regte takhaar in die kalklig. Hy het sommer alles bederf.

H. Meyer

ELSBURG

DAGBOEK BO!

DIT is sommer pure bog dat net mense wat oor televisiestelle in hul woonkamers beskik Radio en TV DAGBOEK aanskak. Ons gesin besit nog nie 'n stel nie, maar wag tog elke nuwe uitgawe van DAGBOEK gretig in en versind die artikels. Omdat ons 'n groot gesin is — sewe seuns en drie dogters — is daar Vrydae 'n stormloop om eerste by die tydskrif uit te kom. Partykeer het dit selfs onenigheid veroorsaak sodat ons nou liewer twee uitgawes koop. Dit het die probleem opgelos.

Mev. A. le Roux

STANDERTON

POPMUSIEK

VAN kinderprogramme is daar genoeg op televisie. Maar daar word skaars genoeg aandag geskenk aan ons jongklomp wat op popmusiek versot is. David Gresham se Pop Shop is 'n bak program, maar glad te kort na ons sin. Kan dit nie na 'n volle halfuur verleng word nie? Popmusiek vind tog groter byval by ons wat deur al die diereprogramme verveel word en ons sal dit op prys stel indien die SAUK 'n slag behoortlik in ons behoeftes wil voorsien.

Pop-mal

PIETERMARITZBURG

NUUS OP TV

EK het al dikwels gewonder hoe nuuslesers soos Riaan Cruywagen en ander dit reg kry om so vlot te lees en tog dikwels gedurende die bulletin na die kamera op te kyk. Hoe kan 'n nuusleser die nuus lees terwyl hy in die rigting van die gehoor staar? Toe

gaan daar meteens vir my lig op: die nuusbuletin lê voor hom en verskyn ook op 'n skerm 'n entjie van hom af sodat hy ewe gemaklik albei kan raadpleeg as die kameras draai.

TV-Kyker

BLOEMFONTEIN

TV-GOGGA

DIE TV-gogga het ons behoorlik gebyt. Elke jaar hou ons op Port Edward vakansie. Maar toe my verlof vanjaar aanbreek sien ek nie kans om my gunstelingprogramme — Shane en The World At War — te ontbeër nie en verneem dus eers of Port Edward in 'n TV-opvanggebied geleë is voordat

ons begin koffers pak. Toe ek ons TV-stel in die motor laai, pas dit toe nie op die agterste sitplek nie, maar boer maak 'n plan en ek leen my dogter se kleiner stel en weg is ons. Die TV-vakansie was een van die genootlikste wat ons nog gehad het!

G. Brunette

PETIT

Die oorlog in Rhodesië

Die Rhodesiese oorlog is baie ernstiger as wat die meeste mense vermoed, en die onkunde daaroor is groot. Hier is 'n ooggetuie-verslag deur Al Venter, die enigste joernalis wat deur die Rhodesiese regering toegelaat is om eerstehands te rapporteer

artikel en foto's deur AL J. VENTER



Rhodesians Worldwide

Doppies spat soos Rhodesiese troepe terugskiet. Rook omhul die gevegsgebied.



Twee Rhodesiese soldate grawe hulie in in die bos.



'n Rhodesiese stamhoof spreek sy onderdane toe in die teenwoordigheid van lede van die weermag. Die stamlede luister aandagtig.



'n Soldaat hou wag buite 'n winkel wat deur terroriste met mortiere bewoog is. Twee mense is in die aanval dood.

AS moreel veldslae kon beklink, sou die troepe wat Rhodesie se landsgrense teen gewapende indringers verdedig lankal skoonskip gemaak het, verklaar Rhodesiers in Salisbury pront-uit.

Hulle is sommer baie trots op hul sonverbruiende seuns wat in die benardste omstandighede sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n verraderlike oorlog voer.

Jong soldate van Rhodesie staan hul man teen die ergste terroriste-aanslae wat Rhodesie tot dusver in 'n dekade van hierdie soort oorlogvoering beleef het.

Aangevuur deur hul onwrikbaarheid en patriotisme wyk hulle geen duim nie.

Maar oorloë word nie net deur 'n sterk moreel beslis nie.

Die reënwoorde en hoogtes van die oostelike hoogland en die uitgestrekte bosveld in die suidooste en die moerasagtige laaglande van die noord-oostelike gedeelte van die Zambezi-vallei speel ook 'n deurslaggewende rol.

Hier speel die vyand wegkruipertjie.

Waar die trustgebied wyd onder die tropiese son wegstrek, skuil die terroriste maklik onder die plaaslike

bevolking sodat Rhodesiese troepe 'n stryd voer teen 'n vyand wat nie altyd sigbaar is nie en onverwags kan toeslaan.

So lyk die prentjie vandag in Rhodesie: die een oomblik kandel die oorlogsskaal in die guns van die Rhodesiers, enkele dae later slaag die vyand weer daarin om die bordjies te verhang en Rhodesie in rou te dompel as die bloed van moedige troepe gestort word.

Boonop word die krygsarena al groter. Terroriste duik in nuwe gebiede op.

So het die indringers onlangs in die omgewing van Umtali toegeslaan. By Inyazura op die pad na Salisbury, sowat 70 km van die Mosambiekse grens het 'n vulstasie in vlamme opgegaan.

Intussen ruim die Rhodesiese magte die ouer gevegsfronte op.

Hiervan is die Hondevallei 'n sprekende voorbeeld. Eers het die Zimbabwe Liberation Army (ZLA) in hierdie gebied koning gekraai totdat hulle voor vernuftige Rhodesiese bosvegters moes swig. In 'n enkele slag wat gedurende Meiimaand vanjaar in die vallei plaasgevind het, is meer as 50 terroriste van die gras gemaak. Sedertdien kom die



'n Stamhoof praat met sy mense, onder die wakende oog van soldate



Troep-deursoek 'n kraal na terroriste. Hulle moet gedurig waak teen 'n lokval.



Troep beweeg versigtig in verskillende rigtings in die digte bos terwyl 'n nikkert wat met 'n swaar masjiengeweer gewapen is, dekking bied.

vyand yl verspreid hier en in die omliggende dele voor. In die Centenary-gebied moes die vyand eweneens op die vlug slaan.

Twee, drie jaar gelede is van die oorlog se bloedigste veldslae hier in die noordooste van die land beslis. Deesdae dring terroriste die Centenary-streek selde binne.

DIE feit dat die aanslag van die vyand in die noordoostelike dele afgeneem het, staaf die vermoede dat die militêre leiers van die ANC nou hul magte verder suid ontplooi.

Nagenoeg 'n jaar gelede was die bedrywighede van die terroriste beperk tot die gebied tussen Mount Darwin en die Zambezi-vallei met sporadiese aanvalle in die weste.

Ses maande gelede is nog 'n front geopen wat in twee breek streke val. Die eerste gedeelte van die front strek van Nyamapanda na Umtali en sluit die Inyanga- en Vumba-bergstreke in.

Die ander gedeelte loop van Umtali af suidwaarts tot by die Suid-Afrikaanse grens. Hierdie streek sluit die plantasies van tee, koffie en suikerriet by Chipinga, die reusagtige Hippo Valley-suikerplantasies, die Gona-Re-Zhou Nasionale Park, die Nuanetsi-distrik en

'n betreklik groot stuk land wat inwaarts strek na die pad- en spoorverbindings met Suid-Afrika, noord van Beit-brug in.

Toestande in die oorlogs-gebied wek kommer. Terroriste skuil in die heuwels om Umtali. Onlangs is 'n groep van vyf indringers deur veiligheidstroep oor die Moch-biekse grens teruggejaag.

Aanvalle op burgerlikes vind gereeld plaas.

Pomphuse in die Hippo Valley-landgoed is onlangs met mortiere bestook, terwyl 'n bank suid van Inyanga in die lug geblaas is. Veiligheidsstellings loop gereeld deur. Dan is daar nog die daaglikse aanslae op verafgeleë opstalle en slagoffers wat deur landmyne opgeëis word.

Ongeveer twee voertuie, hetsy burgerlik of militêr, word elke dag deur landmyne vernietig, hoewel die veiligheidsmagte onlangs vrage myne uit ongeteerde paaie op roetes deur die operasionele gebied verwyder het. Alle paaie wat deur die gevaar gebied lei, word as rooi of amber of wit geklassifiseer na gelang van die gevaar wat hulle inhou.


Weinig troepe word deur landmyne gedood. Dit word toegeskryf aan die feit dat die Rhodesiërs tesame met




'n Ligte mortier word gebruik om die terroriste uit hul nes te jaag.

Die terroriste gebruik nou die onderduimse taktiek van die Viëtkong

**Die Rhodesiërs is bobaas-vegters, en
dis al wat hul land staande hou**



14 Radio en TV DAGBOEK 13-20 Junie 1976




Soek en vernietig. Dit is die naam van die oorlog teen
terroriste wat tans in Rhodesië woed.



Lede van die veiligheidsmagte beraadslaag in 'n plant-
asie. Die foto is in die Berge naby Chipinga geneem.

Rhodesiese troepe op patrollie. Hier stap hulle deur
die Nuanetsi-fivier naby die Suid-Afrikaanse grens.



16 Radio en TV DAGBOEK 13-20 Junie 1976

Suid-Afrikaners aan die spits
staan van anti-landmyntegno-
logie in die wêreld.

Benewens landmyne maak
die terroriste ook gebruik van
fopmyne en ander metodes
wat hulle by die Viëtkong
geleer het. Gifspykers en
allerlei gruwelike wapens
word ingespan, maar meestal
ly wild en die plaaslike be-
volking daaronder.

Die terroriste se houding
teenoor die plaaslike bevol-
king is guller as wat eers die
geval was. In die verlede is
hulle beroof, terwyl terroriste
deesdae ewe hoflik betaal
vir die voedsel wat hulle ont-
vang.

Net die witman moet dit
ontgeld.

Terroriste wat insypel, be-
roof nie die winkels wat aan
swartes behoort nie. Wanneer
proviand in die operasionele
gebied krimp, word hierdie
reël egter maklik verbreek.

Proviand word deesdae glo
uit Mosambiek verskaf.

Veiligheidsbronne dui aan
dat die oorlog teen Rhodesie
oorkant die grens van Mosam-
biek beplan word. 'n Groep
offisiere wat uit die leërs van
Zambia, Tanzanie en Mosam-
biek afkomstig is, is langs die
grens versprei. Kubane, Russe,
Oos-Duitsers, Bulgare en vete-
rane uit Viëtnam is ook teen-
woordig om planne te smee,

terwyl die Arabiese state een
of twee gesante gestuur het.

Sulke gesoute offisiere
loods aanvalle op kwesbare
plekke oor die grens. Teikens
soos die Rutenga-spoorver-
binding en die petrolopslag-
plek by Inyazura is klaarblyk-
lik uitverkies om te vernietig.
Chaos en paniek moet
gesaai word.

In Mosambiek en Zam-
bia staan hierdie manewer as
die „Derde Mag” bekend.

VIER Suider-Afrikaanse
presidente, nl.
Nyerere, Kaunda,
Machel en sir Seretse
Khama is persoonlik gemoed
met die aktiwiteite van die
Zimbabwe Liberation Army
(ZAL).


Die insluiting van die presi-
dent van Botswana is geen
verrassing nie. Hy beraadslaag
lankal met die ander drie oor
die sogenaamde vryheidsoor-
log wat hulle voorstaan. Dit
verklaar ook berigte dat hy
van plan is om die Rhodesiese
spoorlyn wat deur sy gebied
loop, af te sny. Dit kan die
Rhodesiese ekonomie nog 'n
hou toedien.

Veral die boere van Rho-
desie ly onder hierdie einde-
lose oorlog.

Toe grootskaalse aanvalle
drie jaar gelede vanuit Mo-
sambiek op boere in die


Ons kan baie by hulle leer — ons het die mannekrag en hulle die ervaring

Stewig ingegrawe agter sy masjiengeweer loer hierdie
Rhodesiese soldaat oor die loop.





Rhodesie het anti-myntegnologie tot 'n fyn kuns ontwikkel. Danksy sulke eienaardige gevaartes kom die veiligheidsmagte die gevaar van landmyne te bowe. Hierdie voertuie kan vryelik beweeg op die grondpaaie waar tientalle myne gewoonlik geplant word.



Troepe fynkam die suidoostelike gebied in hul nimmer eindigende soektog na terroriste.

18 Radio en TV DAGBOEK 13-20 Junie 1976

Centenary- en Mount Darwin-gebied geloods is, het kenners voorspel dat die boere soos een man sal wegtrek. Hulle het hul egter met die veggees van die Rhodesiese boer misreken.

Enkele boere in die omgewing van Chipinga en Nuanetsi het hul koffers gepak om aan die gevaar te ontkom, maar die meeste het gewere begin skoonmaak.

Plaasopstalle is in veiligheidstellers omskep.

Tot dusver is nog nie een van hierdie plase deur die vyand ingeneem nie. Die boere wyk nie 'n duim wanneer dit nodig is om geweerlope deur skietgate op aanvallende terroriste te rig nie. Net wanneer die plaasboer elders is en sy opstal aangeval word, kan sake lol.

Bure en troepe is dan gou byderhand om hulp te verleen. Hiervoor sorg die uitgebreide kommunikasiestelsel wat operig is. Elke plaas is in voortdurende verbinding met 'n sentrale beheersentrum wat op die geringste noodoproep reageer.

Radiokommunikasie word ook doeltreffend deur veiligheidsmagte gebruik. Geen patrollie of voertuig vaar die bosse in sonder dat dit per radio met sy basis verbind is nie. As daar met die vyand

kontak gemaak word, kan bykomende troepe dadelik op die gevegssterrein toesak.

Hoe lank sal die bloedige stryd nog voortduur?

Oorsese televisiespanne begin graag dat die Smith-regering reeds op sy knie gedwing is. Hulle maak maklik opnames van Umtali op verlate Sondagmiddag en verklaar dan dat die strate leeg is omdat al wat blanke is vreesbevange daaruit padgegee het. Talle berigte van hierdie aard word oorsese versprei, maar dit is pure bog.


Van die einde van die oorlog in Rhodesie is daar nog geen teken nie.

Terwyl Samora Machel se Marxistiese regering in Mosambiek aan bewind is, sal die Liberation Army nie die wapen neerlê nie. Die steun van Machel is onontbeerlik.

Aan die ander kant is Rhodesiërs ook nie bereid om toe te sien dat hul land in die kloue van gewetenlose linksesindes val nie. Hul moreel is hoog, hul selfvertroue neem by die dag toe namate die dodetal van die vyand aangroei.

Net een ding kwel hierdie kloekmoedige Rhodesiërs: 'n inval deur Russe en Kubane. Andersins voel hulle heeltemal opgewasse vir die stryd.

Selfs kinders kan nie vertrou word nie



'n Burgerlike deursoek bagasie en sakke na bomme in die operasionele gebied.

MURG UIT DIE VREEMDE RED 'N KANKERLYERTJIE

Murgoorplantings word die afgelope dekade reeds gedoen aan die hand van uitgebreide navorsing. Maar 'n groot deel daarvan word nog nie goed begryp nie — tog behaal die navorsers sukses, al erken hulle ruiterslik dat hulle nog 'n lang pad moet loop

deur JANE BRODY

REGS: Roger en Connie Ruffer speel met Matthew, een van die mediese wonders van die wêreld. Die sukses wat in die stryd teen sy kwaal behaal is, gee hoop aan duisende wat aan bloedgebreke en bloedsiektes ly (foto: Jack Manning).

ROGER sug en laat die spanning uit sy moeë liggaam vloei. Die lang wagtyd by 'n geboorte put 'n man uit. Maar alles het goed verloop. In die kraambed kyk Connie stralend op toe Roger met 'n gaasmasker om die mond deur 'n verpleegster binnegelei word. In haar arm lê 'n gesonde, verkreukelde bondeltjie nuwe mens.

„Roger,” glimlag sy, „dit is Matthew!” Die Ruffer-egpaar se niks verder nie, maar hou 'n oomblik stil hande vas. Dan stuur die geneesheer wat die bevalling behartig het, Roger huis toe. „'n Gesonde knaap,” versker die geneesheer hom, „hy sal binne 'n dag of twee saam met sy moeder huis toe kom.”

Dit is 9 Julie 1973 in New York. Roger doen die nodige amptelike dinge om Matthew se geboorte te registreer en gaan slaap. Min het hy geweet dat dit een van die min kere in drie jaar sal wees dat hy rustig sal slaap oor Matthew.

Die bedrieglik gesonde baba se liggaam is nie in staat

om sy eie witbloedselle te ver-
vaardig om ernstige ontste-
kingsorganismes en siekte-
kieme wat dit binnebring, te
vernietig nie. Die siekte is gou
gediagnoseer as een van die
seldsame toestande waarmee
kinders jaarliks gebore word:
'n ernstige gekombineerde
immunologiese gebrek wat
die lewensverwachting van die
suigeling beperk tot 'n jaar.

Matthew bring die eerste
twee en 'n half jaar van sy
lewe in 'n geïsoleerde, gesteri-
liseerde vertrek deur. Hier
word hy kunsmatig gevrywaar
van die alledaagse kieme wat
hom maklik sal doodmaak.
Geneesheer by die Memorial
Sloan Kettering-kankersentrum
voer 'n stryd teen die
tyd; hulle probeer 'n been-
murgoorplanting van 'n vreem-
deling op Matthew om hom
te red van die siekte wat reeds
sy sussie se lewe geëis het.

Matthew is 'n paar weke
gelede vir die eerste keer saam
met sy ouers huis toe. Sy lig-
gaam maak sy eie witbloedselle
om infeksie af te weer,
vorm sy eie bloedplaatjies om
bloed te laat stol en sy eie
rooibloedselle vermeerder om

meer suurstof te dra. Dit is sy
eerste besoek aan sy ouerhuis
in Fort Lee in die Amerikaanse
staat New Jersey.

Sy liggaam het sy eie ver-
dedigingstelsel begin bou uit
„geleende” murg wat van
Denemarke afkomstig is. Die
blonde blou-oog-seuntjie het
die murg te danke aan die on-
baatsugtigheid van 'n 45-jarige
Kopenhaagse vrou, Lis Larsen,
wat twee kinders van haar
eie het. Ses keer is sy onder
verdwing geplaas sodat
beemurg uit haar heupbene
geneem kon word met be-
hulp van 'n uitermatige dik
spuitnaald. Sewe keer is die
murg in Matthew ingespuut
voordat sy dokters kon vas-
stel presies wat hulle moes
doen om die oorplanting te
laat slaag.

SY tuiskoms is mediese
geskiedenis. Hy is die
enigste lewende wat
murg suksesvol van 'n
onverwante skenker ontvang
het. Die handjefol oorlewen-
de van murgoorplantings het
almal murg van broers of
susters ontvang wie se weef-
selstruktuur ooreenstem met

die pasiënt s'n.

Die kennis wat mediese
navorsers uit Matthew se oor-
planting put, kan uiteindelik
hulp vir duisende ander bloed-
siekte lyers beteken. Hulle h-
'n beter begrip oor hoe o-
bloedkanker, aplastiese bloed-
armoede en oorgeërfde bloed-
selkwale te bestry. Die
moontlikheid om sukses te
behaal deur onverwante sken-
kers se murg te gebruik, is
belangrik omdat baie Weste-
se gesinne kleiner word en
daar in die toekoms al hoe
minder broers of susters sal
wees van wie murg verkry sal
kan word.

Matthew se geval is vir die
navorsers 'n hoogtepunt in
hul volgehoud stryd om bloed-
siektes te bestry en te begryp.
Hulle begin stadigaan die
manier waarop die liggaam se
immuuniteitsstelsel werk, beter
verstaan. Die liggaamstelsel
verrig twee take: dit identifi-
seer die kiem of kwaal wat
die liggaam binnegedring het
en reageer dan met die regte
immunologiese stof daarop.

Die verwerping van been-
murg by die ontvanger is 'n
veel ingewikkelder probleem
as verwerping na 'n nier-

Groot lafaard.

Ek behoort die moed van
my oortuigings te hê, maar het
ek dit?

En in daardie oomblik
wonder hy of hy homself al
hierdie jare om die bos gelei
het. Homself en almal wat om
hom is.

En omdat hy weet dat daar
net die een onfeilbare manier
vir 'n lafaard is om sy vrees te
oorwin, en dit is om dit aan te
durf en te verslaan, besluit hy
hulle sal gaan.

Maar hy weet ook dat hy
nie kan voorspel wat die
uiteinde van hierdie geveg sal
wees nie.

En wat gaan Tessa se reaksie
wees wanneer sy vir Marina le
Roux, of wie sy ook al deesdae
is, van aangesig tot aangesig
sien? En wat gaan Marina se
reaksie wees?

Sal hulle dan weet wat hy al
die jare self bang is om te
sny, te bang is om aan te
dink, te bang is om te wil glo
of aanvaar?

Hy kyk na Tessa en sy hart
brand vir haar. Van almal is sy
die een wat die seerste sal kan
kry ...

„Asseblief ...” pleit sy
nou, asof sy weet hul hele
toekoms hang daarvan af.
„Kom ons gaan, toe ...”

Hy kan sy stem nie vertrou
nie, en daarom knik hy net
instemmend met die kop.

MAAR dis 'n pragtige
plekkie,” sê Tessa met
die verwondering van 'n
Kapenaar wat ontdek dat daar
in die Transvaal ook
natuurskoon is. „Dis 'n
wonderlike omgewing. Kyk net
die berge ...”

Douw glimlag.

„Dit is mooi, ja ...” sê hy,
sonder veel geesdrif.
„Wille is vroeg gisteroggend by
die huis weg en het
gistermiddag in Pretoria
aangekom en daar oorgebly
voor hulle vanoggend vroeg
daarvandaan vertrek het. Hy
verlang na die stilte en
rustigheid van Malansvlei, na
die skemerkalmte van sy
studeerkamer in die pastorie.

„Ek het gedink jy gaan
straal van opgewondenheid,” sê
Tessa sag, „maar jy lyk vir my
ongelukkig. Hoekom? Is jy nie
bly om terug te wees nie?”

Hy kyk na haar en probeer
so eerlik as wat hy kan 'n
antwoord gee.

„Ek ... hier is eintlik niks
meer van my hier oor nie.
Niemand na aan my nie ...”
Hy kyk vlugtig na haar, vind
dan weer ontvlugting in die pad
voor hom. „My ma is dood net
nadat ek uit die skool is, en is
in Pretoria begrawe. Hier is
niemand of niks oor nie ...”

Dan draai hy met die
tweede straat na links, na die
koppie se kant waar die ou

skoolgebou staan.

„Kyk net die motors,” sê
Tessa opgewonde. „Kyk die
registrasienuummers. Van oor
die hele land.”

Douw knik ingedagte met
die kop.

„Ja, hier behoort minstens
een kabinetminister te wees,
twee generaals, 'n paar
brigadiers, en een mynbaas,”
verduidelik hy. „En dan maar
die ander gewone soos
ek ...”

„Vir my is jy baie spesiaal,”
sê sy, en doen iets wat sy baie
lank laas in die openbaar
gedoen het. Sy leun oor na
hom toe, soen hom saggies in
die kuiltjie op sy wang.

Hy glimlag dankbaar in haar
rigting, en 'n bietjie skaam ook
daaroor.

„Toe maar,” terg sy verder.
„Jy is nie nou in jou gemeente
nie. Niemand hier ken jou
nie ...”

Dit is wat jy dink, skiet die
gedagte deur hom. Hulle ken
my miskien veel beter as wat jy
ooit sal besef. En hy wonder
hoe sy as dogter van 'n
predikant, wat die besukting
van een pastorie vir dié van 'n
ander verruil het, sal sê as sy
moet weet. As sy vandag moet
uitvind.

Hy bly in die motor sit,
willoos, want hy is bang om uit
te klim. Vir die eerste keer in
sy lewe ervaar hy naakte,
onverbloemde vrees. Wat sal
Tessa sê as hy nou vir haar
vertel hulle gaan omdraai en
huis toe gaan? Hulle gaan nie
eens uitklim nie.

Met die gewone veerkrag in
haar tree klim sy uit, stap om
die motor. Sy kom staan hier
langs hom.

„Klim uit en kom ruik die
lug. Dis soos parfuum ...” sê
sy opgewonde. „Wat op aarde
laat dit so ruik, Douw?”

Hy kyk na haar, veilig in die
staalkokon van sy motor.
„Dis die lemoenbloesels,”
verduidelik hy. „Ma het die
plek verpes omdat sy altyd
hooikoors hier gekry het ...”

Sy maak die deur vir hom
oop.

„Wonderwerk!” sê sy. „Dis
die eerste keer dat jy iets van
jou ma se sonder dat ek jou
hoef te vra. Dit lyk my ek gaan
jou nog leer ken.”

Willoos klim hy uit, hy kyk
hulpeloos en verdwaal om hom
rond. Waar is die skoolgebou
wat hy geken het? Hy sien net
massiewe siersteonstrukture om
hom. Die ou witgepleisterde
geboue met die rooi pandakke
is seker agter hulle weggesteek,
asof hulle iets is om skaam
voor te wees.

„Die plek lyk heeltemal
vreemd,” sê hy. „Hier is om-
rent niks wat ek herken nie.
Dis drie keer groter as toe ek
hier was.”

„Lyk my 'n mens moet jou
eers daar by daardie tent gaan
aankom,” sê sy, en sy neem
hom op sleeptou soontoe, asof
sy die bekende hier is en hy die
onbekende. Hy kyk om hom
rond, wanhopig op soek na net
een bekende gesig, net een
bekende en vriendelike gesig.
Maar terselfdertyd vrees hy dit
ook.

„Naam asseblief?” vra 'n
aantreklike meisie by die tafel
vir hom. „Ons skryf vir almal
naamkaartjies uit om te dra,
anders gaan niemand iemand
anders na al hierdie jare herken
nie.”

„Toerien ...” sê Douw.
„Douw Toerien. En dis my
vrou, Tessa.”

Die meisie begin op die
kaartjies skryf, kyk toe na die
lys langs haar.

„Dominee Toerien?” vra
sy, met nuwe respek in haar
stem.

Hy knik met die kop, asof
dit iets is om oor skaam te
wees.

„Mevrou Blanckenberg het
gesê ons moet u na die
koffientent toe stuur as u kom.
Sy ver wag u ...”

Hy kyk haar verward aan.
„Mevrou Blanckenberg?”
vra hy. „Ek het 'n Wynand
Blanckenberg geken ... Maar
wie is sy?”

Wynand Blanckenberg en hy
het nooit eintlik iets met
mekaar te doen gehad nie. Om
die waarheid te sê, hulle kon
mekaar nie veel nie.

„Marina Blanckenberg ...
Sy is met Wynand
getroud ...” verduidelik die
meisie. „Hy is nou
burgemeester.”

„Ek sien ...” sê hy.

„Wie is die Marina
Blanckenberg wat almal so
beïndruk?” vra Tessa toe hulle
in die rigting van die koffientent
begin stap. Onder van die
rugbyveld se kant af hoor hy
mense juig. Seker oud-leerlinge
teen leerlinge. Dis mos 'n
instelling op so 'n dag.

„Wie is sy?” vra Tessa weer.

Hy glimlag, of altans, hy
probeer. „Sy is ... jy sal sien.
Ons twee was saam op skool
van graad een af tot by
matriek.”

„Wêreld, maar 'n mens moet
ook alles by jou uitwurm,” sê
Tessa, en verbeel hy hom of is
daar nou 'n tikkie ergerlikheid
in haar stem? Is dit van die
lang rit dat sy afgemat is, of is
dit omdat sy die spanning in
hom kan aanvoel?

Hy steek vas, plaas sy hand
op haar arm.

„Ons moes nie gekom het
nie,” sê hy skor.

Sy kyk hom vreemd aan.
„Wil jy nou gaan?” vra sy
met daardie selfde skerpie in
haar stem. „Ons kan nou



Ryk aan
Heuning...

BELL se
Long-
tonika

Die natuur
se eie
Hoësmiddel



Nou ook in die nuwe
ekonomiese gesinsgrootte

'n Roofuil vlieg oor Mosambiek

Vervolg van bl. 73
dat sy moet wegkom!

Die wag wat sy pos by die gevangenes se deur verlaat het, vind Tsjelka om kwart voor nege op die gangvloer twintig meter van die deur af. Die lelike man se oë gloei hom uit 'n geelbleek gesig aan; die mond hang oop; 'n bloedspoor lei na die oop gevangendeur.

Die wag swets op Russies en trek drie skote met sy pistool af voor hy Tsjelka te hulp snel. 'n Minuut later loei die sirenes in die gange en kelders van Heuwel Z.

Tsjelka word deur twee Russe na die hospitaalafdeling geneem. Dr. Narada Komskaia kyk net een keer na sy snywonde en gee bevel dat teater een dadelik vir 'n noodoperasie in gereedheid gebring moet word.

Hoewel die Mongool geen woord geopper het nie, weet Narada intuitief wat met hom gebeur het; net soos sy daardie dag geweet het, en dit so in die stilte beplan het, dat hy weer na daardie Suid-Afrikaanse meisie sal en moet gaan.

Nou, dink Narada, het sy finaal en onheroeplike die hef in die hande. Sy sal Tsjelka wat die dood red. Sy sal Irma Sieberhagen ook van die aller-erkslikste straf red... maar dan sal dr. A. C. Brink die liefde wat sy reeds daer vir hom voel - 'n dierlike soort liefde wat na vervulling hunker - moet beantwoord!

Sy weet dat Boelganof nie sal inmeng nie. Hy het in elk geval nie mag oor haar persoon nie. En eintlik, weet sy, sal Boelganof eerder die meisie as Tsjelka se kant kies, want hy, Boelganof, het Tsjelka nie die reg gegee om hom met sy gevangenes se sake te bemoei nie.

Sy is dan ook pas klaar met die operasie of sy skakel Boelganof, vertel hom die storie soos sy dit sien en kry toestemming om Brink te spreek.

Brink en De Haan, wat hierdie keer deur majoor Toerjetza en kaptein Iwan Leskau onder kruisverhoor geneem is, het intussen na hul bebloede gevangene teruggekeer - net om te vind dat Irma weg is...

Die sirenes het die binnekant van Heuwel Z in 'n onrustige miernes laat verander.

Groep gewapendes beweeg in gange, hysers, teen trappe, in pakkamers, slaapkamers, wapenberglekke. Hulle snuffel in elke hoekie, skreef, rotsolte, in kaste, onder beddens, agter meubels - van vlak een, wat die radar- en beheerkamers bevat, tot op vlak ses waar die tenks, pantsermotors en Stalin-orrels in hul reusagtige skuilplek staan.

Omdat hulle na 'n vrou soek, is sommige groepe oorhaastig en te vol selfvertroue en selfversekerdheid. En so gebeur dit genadiglik dat minstens twee groepe binne meters van Irma vlyebeweg sonder om haar op te merk...

Intussen ondervind Markus Weber en Joos du Toit ook probleme in hierdie nuwe situasie. Toe die sirenes die eerste keer afgaan, was hul eerste gedagte dat die twee dooie Russe gevind is, maar spoedig het dit vir hulle duidelik geraak dat iets anders aan die gang is.

Weber, met 'n redelike kennis van Russies, kom kort daarna agter dat 'n meisie ontsnap het - die Suid-Afrikaanse meisie - en dat na haar gesoek word.

"Hulle soek na Irma," bevestig hy toe Du Toit wil weet wat aangaan.

"Mejuffrou Sieberhagen? Maar, genugtig, kaptein, dan het sy mos ontsnap."

"Bloot tydlik, Toit. Hoe gaan sy uit hierdie miernes kom? Al die uitgange sal teen die tyd bewaak word. Toit, ons moet haar kry!"

Hulle, geklee in Russiese oorpakke, waag dit om openlik na 'n hysbak te stap. Drie Russe kom met 'n trap af en roep na hulle. Markus beduie na onder en die Russe storm voort met die smal trap af.

Weber en Du Toit kyk na mekaar en ondanks die benardheid van die situasie, grinnik hulle.

"Jy het hulle weggestuur, kaptein! Hulle het na jou geuister!"

"Toit, hulle dink ons is kamerade. Hierdie klere - dit het hulle gefop. Maar pas op... as een 'n gesprek op ons gaan probeer afdwing..."

Die hysbakdeur skuif oop. Hulle stap binne en bestudeer 'n reeks knoppe. Alle aanduidings is Russies, maar Weber slaag daarin om verskillende vlakke of verdiepings te onderskei: van een tot ses. 'n Brandende liggie beduie dat hulle op die oomblik op vlak vyf is.

Vir Weber is dit belangrike inligting, juis omdat die plan van die onderaardse vesting vir hulle totaal vreemd is.

Terwyl die hysbak na vlak vier voortsnel, lig hy Du Toit hieroor in:

"Daar is skynbaar ses onderaardse verdiepings, Toit. Dit

wil voorkom dat die een waar in ons saam met die vragmotors beland het, die heel onderste vlak is - nommer ses. Ons weet min of meer hoe vlak ses daar uitsien: 'n reuse-wapenarsenaal met swaar wapentuig en vuurpyle van verskillende kaliber; dan skynbaar 'n reuseaal met bad, stort-, slaap- en eetgeriewe vir 'n groot aantal troepe wat skynbaar in 'n later stadium sal kom... vermoedelik die tenk- en pantserbemannings, bestuurders van troepedraers en werktuigkundiges... maar dis bloot 'n raaiskoot. Wat vlak vyf betref: ons het hom nie verken nie. Ons gaan egter op vlak vier uitstap."

Hulle kyk na hul rugsakke en weet dat dit aandag kan trek. Maar in daardie rugsakke is meer van daardie spesiale tydbomme. Hulle moet dit saamneem!

DIS vyf minute oor tien. Die tyd tik soos 'n oordeel verby.

In sy kantoor is Boelganof en sy raadgevers bymekaar. 'n Interkomstelsel wat sy kantoor met alle vlakke in Heuwel Z verbind, hou hom voortdurend op hoogte van wat aangaan.

En toe kom die nuus: op vlak ses is op twee lyke in 'n leë krat afgekom - een man is skynbaar deur 'n mes gedood; die ander man se gorrel is ingedruk en sy nek gebreek.

"Een vrou kon dit nie gedoen het nie," bulder Boelganof en gluur sy manne aan.

"Dis onmoontlik!"

Hulle kyk verslae na mekaar, half verward.

"Kamerade," se die kolonel, hierdie keer minder heftig, "dit lyk my die duiwel is los." Hy staan op. "Majoor Toerjetza, jy as offisier van ons geheime diens - die KGB - sal hierdie saak persoonlik gaan ondersoek. Jy het volmag om enige stappe wat jy as nodig mag beskou, te doen. Ken my net in die saak."

Toerjetza staan op, klap sy hakke teen mekaar en plak 'n pet op sy kop.

"Dit sal dadelik gedoen word, kolonel. Dit wil voor- kom asof daar verraad in die lug is. Natuurlik," se hy, "daar is nog 'n moontlikheid..." Hy swyg.

"Wat?" Boelganof se stem is 'n geweerknal.

"'n Konvooi vragmotors is by die vesting vroeg vangend binnegelaat. Het u daaraan gedink, kolonel, dat dit vir 'n vyand moontlik sou wees om Heuwel Z saam met die konvooi binne te kom?"

Selfs Boelganof is oomblikke lank sprakeeloos. Toe versmal sy oë. Met sy een hand gooi hy twee blokkies ys in sy leë glas.

"Verduidelik, majoor. En sorg dat jou verduideliking goed is, want ek kan voel hoe die woede in my opstoot."

En Toerjetza verduidelik. Wat selfs hy nie weet nie, is dat sy bespiegeling so vuurwarm is dat selfs 'n ooggetuie beswaarlik 'n beter beskrywing sou kon gee van hoe 'n potensieel vyand Heuwel Z sou kon binnege- dring het!

Kort hierna word die soek- tog uitgebrei. Daar word nie net meer na Irma Sieberhagen gesoek nie, maar ook na moontlike vreemdelinge wat hulle in Heuwel Z mag bevind.

En toe gebeur nog iets wat kolonel Igor Boelganof verder verwar.

Radioberig word ontvang dat die soekgeselskappe buite in die ranterekes op 'n dosyn Frelimo-droesters afgekom het. Die groep het hom teenges- sewe is doodgeskiet, een noot- lottig verwond en twee het ont- snap. Wat meer is: hul stewels, van Kubaanse afkoms, laat presies dieselfde afrukke na as dié van die groep mense na wie nou reeds etlike dae gesoek word.

"Kaptein Leskau," se hy woos, sy gloeiende oë op die jonger offisier, "dink jy ons het die hele tyd na spoke ge- soek? Dink jy ons het 'n fout begaan deur te dink dat die vreemde spore aan Suid-Afrikaners behoort?"

Leskau antwoord soos 'n swaap.

Boelganof moker hom met sy offisierstaf in die gesig, skop hom daarna onder die sitvlak en jaag hom by sy kantoor uit.

Dan slaan hy 'n stewige soop ingevoerde wodka weg.

Kolonel Boelganof is nou 'n verwarde man. En dink terug, moet hy aan homself erken dat alles skeef begin loop het vandat hy opdrag gegee het dat die Suid-Afrikaanse insektenkundiges onder leiding van dr. A. C. Brink of uitge- wis of gevange geneem moet word.

DIT is kwart oor tien. Sersant Podgorni, die radioman, word aangemeld, kom binne, salueer, oorhandig 'n vel papier aan sy bevelvoer- der en se:

"Kolonel, kameraad K-35, kontroleur van selle negot- tiewe in die Republiek van Suid-Afrika, het pas kontak gemaak. Hy rapporteer dat Suid-Afrika se Militêre Intel- ligensiediens, bygestaan deur die Buro vir Staatsveiligheid, pas uitgebreide klopjagte uit- gevoer het. Vyftien van ons sleutelmannes in Suid-Afrika is in hegtenis geneem. Kameraad K-35 self is op pad na Angola."

(WORD VERVOLG)

Vandag is die dag van waarheid, dominee

dadelik gaan as jy wil..."

'n Oomblik lank oorweeg hy dit om na haar te luister, haar aanbod te aanvaar en in die pad te val. Maar dan besluit hy nee, kom wat wil, hierdie is maar net een dag in 'n hele leeftyd. Hy kan nie so maklik tou opgooi nie. Hy sal moet deurdruk, al kos dit ook wat. "Kom... se hy, 'n tikkie meer beslis as netnou. "Kom ons gaan drink koffie."

Sy skud haar kop. "Jy is 'n baie vreemdeling vir my. Ek kyk na jou gesig en ek sien jou en herken jou, maar jy is 'n vreemdeling. Vandat ons be- sluit het ons kom..."

Vandat jy besluit het ons kom, dink hy, maar se dit nie. En skielik tref die groot waarheid hom. Dis nie soseer dat sy hierheen wou kom nie. Sy sou enige uitnodiging aanvaar het, net om nie hierdie nawaak op Malansvlei te wees nie. Sy wou net hê hulle moes weg wees wanneer die Duvenhages se kleinkind daar aankom om gedoop te word. Dis al. En Donderdag, toe die onderhoude met die doopouers moes plaasvind, het hulle laat die middag op haar aandrang gery. Om hom weg te kry.

Hy wens hy kan met haar daaroor praat, maar die woorde stel in hom.

En al sou hy kon praat, die geleentheid doen hom nie voor nie, want daar is 'n klop op sy skouer.

HY draai om, verbaas dat iemand hom groet. Toe hy sien wie dit is, is hy nie verbaas nie. Dit is Rammie Neethling, die skool se melatse, met wie niemand toe al iets te doene wou hê nie.

"Ou Douw!" se hy bly, asof hy 'n verlore broer herontdek het. "Dinges..." swets hy, lees dan wat op Douw se naamplaatjie staan. Hy sluk 'n keer, word eers rooi en lag toe. "Askes," se hy, "maar ek kan dit nie glo nie. Jy is 'n predikant..."

Hy lag. "Mevrou..." se hy en skud Tessa se hand met oordrewe hartlikheid. "Hoe hou jy en die gemeente dit uit met hierdie man? Of is dit weer een van jou grappe?" Hy gee Douw nie kans om te antwoord nie, maar veer met sy hand deur sy baie lang en ontbare hare. "Askes vir die

hare, man," se hy, maar ek het 'n paar diskoteke in Jo'burg. Ek moet maar die hare so dra. Maar dis die moeite werd. Ek se jou, ek kan 'n hele paar van daardie ouens wat altyd so skeef vir my gekyk het, heeltemal uitkoop." Hy kyk agterdogtig na Douw. "Jy weet wat 'n diskoteek is?" vra hy hom.

"Ja..." antwoord Tessa vir Douw, haastig, asof sy bang is hy is dalk te uitgesproke. "Ons leef nie in 'n vakuum nie. Ons weet wat in die wêreld aangaan..."

Rammie lag hongerig, knik met die kop. "Maar laat dit goed gaan, ou Douw, en tot siens, mevrou..." Ek moet nou gaan. Hier is nog 'n hele klomp ouens wat my wil sien..."

"Was hy een van jou maats?" vra Tessa

stap die koffientent binne. Blykbaar is die meeste mense by die rugby, want die tent is heeltemal verlate.

Behalwe vir een persoon wat eenkant op 'n seilstoel sit.

'n Koue rilling gaan met sy rugstring langs. Marina. Dis Marina. Onmiskenbaar Marina. Daar is een verskil tussen haar en Tessa.

Net die een ooglopende verskil. Haar hare is 'n raps ligter van kleur, en dit is agtertoe gekam, weg van haar voorkop en haar ore af. Haar oë, sien hy metens, is miskien meer amandelvormig as Tessa s'n. Maar daar hou die verskil op.

Hy voel hoe Tessa hier langs hom verstyf. Sy kyk haastig, ondersoekend, na hom en kyk dan weer weg.

"Kom," se hy met 'n stem wat swaar en somber op sy ore

ek jou aan my vrou bekend stel. Dis Tessa. Tessa, Marina Blankenberg..."

Die vrou groet mekaar met die kil hartlikheid wat hulle spesiaal vir sulke geleenthede bêre. Dit is met die hartlikheid van twee vroue wat ontdek dat hulle dieselfde rokke aanhet by 'n baie deftige geleentheid, en daar is nie kans vir een van die twee om weg te kom nie. Behalwe dat dit veel erger as rokke is. Dis dat hulle soos twee susters lyk. Meer as twee susters; eintlik tweelingsusters.

Dis Tessa wat die eerste tot verhaal kom.

"Ek... jy... ons twee lyk dan na mekaar..." se sy half uit die veld geslaan. Sy se dit op so 'n manier dat sy direk met Marina praat en Douw heeltemal by die gesprek uitkakel.

Marina skud haar kop en die ongelooft is duidelik in haar oë te lees.

"Ek kan dit nie glo nie," se sy. "Ek... ek het al baie van dubbelgangers gelees en gehoor, maar ek het altyd gedink dis maar somer net verdigsel... of dis aangedik."

Toe lag sy.

"Ek kan dit eintlik nog nie glo nie..." se sy.

Tessa lag ook nou saam, maar baie meer verlee.

"Dit is... ontstellend," stem sy saam.

"Vir jou is dit seker nie so 'n verrassing nie. Douw moes jou darem seker gewaarsku het," se Marina uiteindelik.

Asseblief, Tessa, hoop Douw tevergeefs. Se niks, of se ek het, maar moet my nie in die steek laat nie. Asseblief. Ek sal later alles probeer verduidelik.

Tessa skud net haar kop.

"Douw se verledes is vir my 'n geslote boek. Ek het... nooit eens geweet daar is iemand soos jy nie."

"Dit... was niks ernstigs nie," se Marina haastig. "Dit was maar net kalwerliefde." En asof sy toe besef dat sy eintlik gesê het wat nie nodig is om te sê nie, probeer sy die eerste foutiewe woorde met nog meer woorde regpraat. "Ag... en daar het tog nie veel van gekom nie..."

DIS waar, ja, daar het nie veel van gekom nie, dink Douw wrang. Behalwe as jy die onmoontlikste kind in die skool is en jy weet nou hoekom dit is, noudat die jare jou geleer het, en jy in 'n mate aanvaar het dis nie 'n skande om 'n weduweema te hê nie, en dis nie 'n skande as almal weet jou pa het eers weggegaan omdat omstandighede te veel vir hom geword het en toe het hy selfmoord gepleeg omdat hy



"Hy is die private speurder wat haar halsnoer moet be- waak."

doodnatuurlik toe hulle verder stap.

Douw wil dit eers ontken, want niemand was eintlik Rammie se maat nie. Maar toe onthou hy dat in die laaste dae Rammie al een was, wat vriendelik gebly het. Dit was asof Rammie homself verheug het oor wat met Douw gebeur het, omdat dit hom ook in 'n mate 'n verstoteling gemaak het.

"Tessa..." begin Douw, breek dan die sin stomp af. Nee, hy kan haar nie vertel nie. Miskien kan sy dit self uitvind, maar hy kan maar net hoop dit sal nie gebeur nie. Noudat hulle hier is, besef hy hoe dwaas hy was om te gekom het. Kan 'n mens homself so op die spel plaas, sy hele lewe, sy toekoms so waag?

"Kom..." se hy, en hulle

val, asof dit iemand anders is wat praat. "Kom, laat ek jou gaan bekend stel."

Marina staan ook nou op. Sy kyk nie na Douw nie, merk hy op. Sy kyk na sy vrou, en daar is 'n blos op haar wange. Haar een mondhoek trek- trek effens. Sy laat sak haar oë, kyk dan weer op, hierdie keer na 'n hom, en met die glimlag wat by die vrou van die burgemeester tuis hoort, kom sy na hulle aangestap.

"Douw..." se sy, en die hartlikheid in haar stem verbaas hom. "Ek is bly jy kon gekom het. Weet jy hoe het ek gesoek om jou in die hande te kry? Jy het mos heeltemal verdwyn nadat jy hier weg is. Nooit weer van jou laat hoor nie..."

Hy glimlag vir haar.

"Dis logies, is dit nie? Laat

Vervolg op bl. 85



Is hierdie bok 'n oplossing, dr. Craven?

Daar word mos deesdae baie bespiegel oor wie 'n Springbokbaadjie mag dra en wie nie. Is hierdie bok dalk 'n oplossing van die probleem?

artikel en foto's deur CARL STEYN

HY staan soos 'n wit kol teen die rooibruin agtergrond van sy trop oë uit. Maar die gracieuse hy beweeg, die veerkragtige uitgelatenheid waarmee hy spring, is dié van 'n rooibok.

En dit is presies wat hierdie trotse rammetjie is: 'n volbloed impala wat as gevolg van die vreemde weë wat die natuur ons inslaan, spierwit gebore is... 'n albino, soos die geleerdes sal sê.

Volgens kenners gebeur dit maar selde dat 'n albino wat in die diereryk gebore word, langer as 'n paar weke, of hoogstens 'n paar maande leef. Volgens mnr. W. H. Tollard, eienaar van die netjiese Natalse dieretuin digby Pietermaritzburg waar die rammetjie gebore en steeds te sien is, is daar net twee gevalle bekend waar 'n albino-impala volwassenheid bereik het.

Die een geval was in Zambia waar 'n spierwit ooi by geleentheid gesien is en sedertdien verdwyn het, die ander is die ram wat nou in Pietermaritzburg oor sy eie

troppe heers.

Daarom is dit te verstane dat die wêreld se wildkenners ywerig is om meer inligting oor die ram in die hande te kry, hoewel min Suid-Afrikaners die dier al gesien het.

„Die Internasionale Dierkundige Vereniging het onder meer al van hom laat hoor,” vertel mnr. Tollard, „en gevra dat ek so gou moontlik 'n foto van die dier moet aanstuur. Hulle wil dit in hul wêreldwyd gebruik wat wêreldwyd versprei word.”

Die geboorte van die spierwit impala — 3 Desember 1973 — was 'n groot dag in die lewe van mnr. en mev. Tollard wat die dieretuin meer uit liefde as vir wins aanhou.

„Sover as wat ek kan vasstel, is dit die eerste keer dat 'n albino-impala in 'n dieretuin gebore is. Dis 'n gebeurtenis wat 'n mens se lewe die moeite werd maak en jou opnuut laat besef dat jy die regte ding gedoen het toe jy besluit het om met 'n dieretuin te begin.”

T IEN jaar gelede het die Tollard-egpaar nooit kon droom dat hulle nog eendag die eienaars van 'n dieretuin sal wees nie.

In daardie stadium was mnr. Tollard — 'n man wat hom veral op die gebied van die motornywerheid in

Germiston onderskei het — en sy vrou doodtevrede met hul restaurant en voëlpark op Amanzimtoti aan die Natalse Suidkus.

Soos dit dikwels gebeur, was dit 'n klein dingetjie wat die gedagte aan 'n dieretuin by hulle laat posvat het: 'n vriend wat met 'n blou duiker by hulle aangekom en gevra het dat hulle die bokkie moet versorg.

Kort daarna het 'n grys duiker hom by die bloue aangesluit en toe die dag aanbreek dat hulle as gevolg van omstandighede die restaurant en voëlpark moet sluit, was die gedagte aan 'n dieretuin steeds daar.

Dit het nie net 'n gedagte gebly nie en tans is daar 'n netjiese dieretuin teenaan die bekende leupark waar daar op die oomblik 120 diere is. Dit sluit 48 soorte in.

Die wit rammetjie is egter hul gunsteling, en ook dié van besoekers.

Wat veroorsaak dat 'n dier spierwit gebore word? is 'n vraag wat mnr. Tollard al tot vervelens toe moes hoor.

Die verklaring is kortliks die volgende:

Albinisme (die woord is afgelei van die Latynse woord vir wit) is ooreflik en dui op die afwesigheid van geel, rooi, bruin of swart pigmente in die oë en vel.

Normale pigmentasie in die natuur dien as ligskerm, as beskerming teen skadelike straling en om die betrokke dier so onopvallend moontlik teen die agtergrond van die veld of bos te maak.

Dit is daarom dat 'n albino wat nie hierdie pigmentasie het nie, gewoonlik nie volwassenheid bereik nie.

Die belangrikste pigment is die sogenaamde melanien wat dwarsdeur die diereryk voorkom en onder meer vir swart en bruin velkleure verantwoordelik is. Wanneer daar iets skort met die werking van die selle wat hierdie pigment maak, gebeur dit dat daar in pleks van swart of bruin pigmente, net kleurloos gemaak word. Aldus word 'n albino gebore soos in die geval van die impalaram.

As mnr. Tollard egter sy sin kan kry, gaan die ram nie lank die enigste albino-impala wees nie.

„Ek is van plan om hom met sy eie kleinkinders te paar,” vertel hy. „Die moontlikheid bestaan dan dat daar nog albino's gebore sal word.”

Die ram is reeds vader van 'n eerste geslag lammetjies, maar hul velkleur is normaal.

„Dit was ek te wagte,” is mnr. Tollard se kommentaar, „maar by die volgende geslag verwag ek 'n verandering.”



Bevry my van jou liefde

deur BRANDT DENYSSCHEN

Op veertig gaan hy te oud wees vir 'n ander vrou, besluit Henning Odendaal. Daarom wil hy nou van Magriet skei. Daar is een groot en baie belangrike faktor wat hy egter buite rekening gelaat het

EK sal jou nooit 'n egskeiding gee nie!" sê Magriet Odendaal.

Sy sê dit toonloos, ongeërg, geselserig — nie met drif en hartstog en heftige vasberadenheid, soos mens sou verwag nie. En dit is vir Henning net mooi simptome van hul hele huwelik; 'n kruissnit wat die hele kern blootlê.

Hulle sit teenoor mekaar in die sitkamer van hul mooi voorstedelike huis. Die radio speel sag, 'n kat spin op 'n kusning en buite skyn die son.

So gaan dit al tien jaar.

Nou het hy genoeg gehad daarvan, nou wil hy vry wees, en hy het vir haar so gesê. Dit is nie dat daar 'n ander vrou is nie. Dit is bloot net verveling wat sy vryheid noodsaaklik maak.

★★★ DAMES ★★★



Daar is 'n vraag na REKENMASJENOPERATEURS
PAM ROSSOUW BOEKHOUMASJENSKOOL

sal u oplei in
Debitur, Maandelikse Analise, Proefbalans en Betaalstaat
in 'n • Drieweke-Kursus, gegee op die Burroughs Sensimatic
en Burroughs P600.
• • NATIONAL CASH
• • OLIVETTI

GELDE: R95 vir drie weke DIPLOMA kursus
by die bes toegeruste en modernste masjienkool in Johannesburg.
Elke student het haar eie masjien waarop instelling gedoen word.

Meer as 280 leerlinge gedurende 1975 opgelei.

Nuwe klasse begin elke
Maandag.
Aan: PAM ROSSOUW,
Rekenmasjienkool,
City Centre, Kamer 503,
Joubertstraat 36,
h/v Presidentstraat,
JOHANNESBURG.

STUUR HIERDIE
KOEPON TERUG VIR
MEER BESONDERHEDE.

Naam _____
Adres _____

TEKEN IN OP RADIO EN TV dagboek EN BESPAAR!

INTEKENGELD

Die Sirkulasiebestuurder,
RADIO EN TV DAGBOEK
Posbus 32083, Moleni 4060.

	S.A. en S.W.A.	Rhodesië (belasting ingesluit)	A.P.U.	Zambia en Oorsee
26 eksemplare	R 7,80	\$8,52	R10,92	R16,12
52 eksemplare	R15,60	\$17,04	R21,84	R32,24

Alle Rhodesiese intekengeld moet gestuur word aan:
N.M.P. CO. (PTY) LTD., Posbus U.A. 460, Unionlaan, Salisbury.
Ek wil graag op Radio en TV Dagboek inteken en sluit R
vir 26/52 uitgaves in (skrap wat nie van toepassing is nie).

NAAM _____
ADRES _____

Poskode _____
Drukskrif verskiet.
Dul asb. in die betrokke blokkie aan of dit
'n nuwe intekening is ☐
of hernuwing ☐
Indien hierdie subskripsie 'n geskenk is, geliewe u naam en adres
hieronder aan te gee:

Naam _____
Adres _____

Poskode _____
INTEKENAARS LET WEL: Lesers wat direk by ons inteken deur
hierdie koepon te gebruik, sal nie die hoër tariewe betaal wat deur
sekere oorsese en plaaslike agentskappe gehê word nie.

Bevry my van jou liefde

Die probleem is dat Magriet
van 'n skugtere bruid in 'n
alledaagse huisvrou verander
het, en dit binne die bestek van
'n paar maande, en alle aan-
duidings is dat dit tot in die
verre verskiet so sal wees.

Die feit is dus dat hy nou
sal moet uitspring om iemand
anders te soek. Dit is nog maar
'n paar jaar voordat hy veer-
tig is en as hy langer wag, sal
dit te laat wees.

„Vertel jy my nou die
waarheid, Henning?” vra sy.
„Is daar regtig nie 'n ander
vrou nie?”

„Nee,” sê hy kriewelrig,
„ek het jou mos gesê daar is
nie 'n ander vrou nie.”

„Nou wat se bogtery is dit
dan met jou?”

Bogtery! Wat 'n manier
om sy verterende ontevreden-
heid en rusteloosheid af te
maak! „Ek wil net vry wees,
Magriet. Dit is so sielddodend
eentonig soos dit nou is. Ons
beteken tog nie meer iets vir
mekaar nie.”

„Og, ek sou nie so sê nie,”
meen Magriet.

„Wel, ek sê dit!” sê hy
ergerlik en dit maak hom nog
kwater om haar so onver-
steurd te sien. Sy is mooi,
dit is seker, maar so vervelig
dat hy daarvan kan skreeu.

Hul dialoog is so eenvormig
dat 'n mens 'n bandopname
daarvan kan maak en dit elke
dag kan speel pleks van te
praat en van romanse is daar
nie eens sprake nie.

„Daar is niks van ons hu-
welik oor nie en jy weet dit.”

„Jy het 'n goeie vakansie
nodig,” sê sy met onaantas-
bare nugterheid.

„Ek het nie 'n goeie of 'n
slegte vakansie nodig nie!”
Wat hom nog meer die hoen-
ders in maak, is dat dit nie
net Magriet is wat so sê nie.
Sy dokter het dit gesê en een
van die ou sieketrousters op
kantoor het dit beaam. „Ek
wil vry wees, dis al... en dit
is wat ek gaan wees!”

„Ek sal jou nooit skei nie,”
herhaal sy. „Ek glo nie daar-
aan nie.”

„Nou maar ons sal sien. Ek
gaan jou verlaat.”

„Verlaat!” herhaal sy met
'n effense stembuiging en hy
sien met tevredenheid 'n tik-
kie opflikkering in haar. „Maar

waarheen sal jy gaan?”
„'n Hotel, enige plek...
oral!” Hy staan nou asof hy
poseer vir 'n standbeeld van
desperate vasberadenheid. „Ek
kan hierdie soort lewe nie
langer verduur nie. Althuis van
ons groei toe onder mos en
skimmel. Ek gaan nie vir die
res van my lewe sê sit nie!”
„Jy kan nie sommer net 'n
koers inslaan nie!”

„Wat wil jy wed?”
„Henning,” sê sy plegtig en
waardig, soos 'n sielkundige
wat 'n pasiënt se vertroue pro-
beer wen, „ek het bedoel wat
ek sê. Jy kan maak wat jy wil,
maar ek sal jou nie skei nie. So-
ver dit my raak, is ons getroud
en ons bly getroud en daar het
jy dit.”

„Ons sal sien. Ek gaan som-
mer nou!”

Maar ook hierdie keer het
Magriet die laaste woord —
die mees diaboliese opmerking
wat enige vrou onder die om-
standighede kon bedink.

„Dan sal ek maar jou tasse
vir jou inpak,” sê sy.

HENNING Odendaal neem
'n vakansie om die nuwe
bedeling mee in te wy. Hy
gaan drie weke na 'n kusoord
waar die kos wonderlik en die
gevoel van vryheid benewelend
is.

Daar is selfs 'n meisie met
wie hy tentatief 'n flirtasie
aanknoop, maar sy aanvaar die
hele affêre so ongeërg dat sy
hom aan Magriet herinner en
hy vlug van haar af.

Toe hy terugkeer, betrek
hy 'n enkelwoningstel in die
middestad. Hy hoor niks van
Magriet nie en hy wend geen
poging aan om iets te hoor
nie. Hy is vasbeslote om haar
te wys dat hul huwelik iets van
die verlede is, met of sonde
egskieding.

Met verloop van maande
begin die toedrag van sake
egter aan hom krap. Sy vriende
het die wending met 'n ophaal
van die skouers aanvaar, maar
dit bevredig hom nie. Hy is
getroud en tog ook nie getroud
nie. Hy voel hom nie vry om
sy flikkers na willekeur te gooi
nie. Die wonderlike gevoel van
vryheid kwyn weg tot 'n twy-
felagtige wêreld van getroude
naskemer.

Na oorweging wend hy hom
tot die prokureursfirma wat
die afgelope vyftien jaar al sy
sake hanteer. Hulle is kon-
servatiewe, maar hulle is be-
kwaam en hulle het 'n status
van korrektheid wat die ind-
druk van betroubaarheid gee.

Mnr. Jansen is die senior
vennoot van Jansen, Louw en
Moerdijk en dié ontvang hom
met die agting verskuldig aan 'n
man wat op beskeie skaal op
die aandeelmark bedrywig is.
Mnr. Jansen het met 'n draai

Vervolg op bl. 87

Vandag is die dag van waarheid, dominee

Vervolg van bl. 79

besef het jy kan nie ver genoeg
vlug om van jou sondes en jou
omstandighede af weg te kom
nie, jy kan net ver genoeg van
hulle af wegvlug om terugkeer
onmoontlik te maak. En
noudat jy hierdie dinge weet,
lyk dit nie so baie belangrik
nie. Want dit is nie wat om jou
en by jou is wat saak maak nie,
maar wat in jou is.

Pa en ma maak nie saak nie.
Dis jy self, soos jy gou genoeg
vind wanneer jy ophou om
hulle die dag die skuld te gee
vir wat verkeerd is in jou lewe.

Maar dit troos hom egter
nie.

Omdat hy weet wat hy is en
wat hy al die jare in hom
ronddra. En omdat hy nie al
een is wat weet nie. Marina
weet. Almal hier op die dorp
weet. Elkeen wat vir hom kyk,
weet. Hulle sien deur sy
wigpleisterheid tot in sy
siel.

En hulle weet van hom.
Al het hy hom verbeel hulle
het vergeet, hy het nie.

Daar het nie veel van gekom
nie, sê Marina. Dit is waar, ja,
dink hy bitter. En al wat nou
oorbly, is dat sy in hierdie
gepraat van haar moet
uitblaker hoekom.

Maar is dit dan nie hoekom
jy gekom het nie? Omdat hy
dit geopenbaar wil hê, omdat
hy wil hê Tessa moet weet,
maar hy is te lafhartig om haar
te vertel?

„Jy... julle moet gerus 'n
bietjie rondspat, want hier is
besonder baie van ons
tydenote,” sê Marina nou
ongemaklik, asof sy haastig is
om hulle weg te kry.

Hy kyk na haar, en sy het
geen invloed op hom nie, geen
uitwerking nie. Dit kan
enigiemand wees, iemand wat
hy ken en vergeet het. Iemand
met wie hy nou net vir die
eerste keer kennis gemaak het.

Maar sal iemand hom glo?
Sal Tessa hom glo?
Sal Marina hom glo?
Kan hy homself glo?

Hy kyk na haar, na haar oor
wie hy soos 'n klein seuntjie
gehuil het die dag toe hy en sy
ma weg is.

„Dit help nie nou om
daaroor te huil nie,” het sy ma
met die hardheid wat die jare
en haar lewe aan haar geleer

het, aan hom gesê toe hulle in
die ou bakoond van 'n
bloedrooi Spoorwegbus klim.
„Daaraan moes jy gedink
het voordat jy dit gedoen het,”
het sy bitter gesê. Dit was
harde woorde, en van die laaste
woorde wat sy omtrent ooit
met hom gepraat het, want
voor hulle in die stad
aangekom het om hul nuwe
lewe te begin, was sy dood. En
toe eers het hy van sy oupa se
erflating gehoor, wat in trust
vir hom gehou moes word.

Ek sal nooit weer in my
lewe 'n verkeerde ding doen
nie, het hy gesweer. Ek sal lewe
vir reg en geregtigheid. Meer
nog, ek sal lewe om die aarde
'n beter plek te maak.

En tog, toe hy die dag vir
Tessa sien, het hy geweet daar
is net een meisie vir hom. En
hy het alles in die stryd gewerp
om haar syne te maak. Dit was
asof hy daardeur die pyn van
die verlede wou verdoof. Hy
het Marina nie nodig nie, het
hy homself probeer wysmaak.
Hy het haar nie eens verloor
nie. Hier is sy. Haar naam is net
Tessa, nie Marina nie. Maar
andersins is dit nie Tessa nie,
maar Marina. En deur sy eie
Marina te kry, kon hy vergeet
dat hy haar verloor het, en
hoekom hy haar verloor het.
Tessa was sy manier om sy
sonde uit te wis, dit weet hy
nou.

Hy kyk na Tessa.

Besef sy dit?
„Ek... ek het 'n effense
hoofpyn,” sê sy skielik. „Dis
seker van die lang rit. Ek...
ek dink ek gaan 'n rukkiele lank
in die motor sit. Ek sal my
netnou weer by jou kom
aansluit. Gaan gesels jy maar
solank met jou maters...”
„Tessa...” begin hy
onseker, „ek... jy weet ek
wou... wou nie gekom het
nie. Kom ons ry nou
dadelik...”
Sy skud haar kop.

„Nee, Douw, dis... dis nie
nodig nie. Ek... wil net so 'n
rukkiele lank sit. Net 'n bietjie
sit...”

„Gaan sit dan daar in die
koffietent. Ek is seker dit sal
koeler wees.”

Sy skud haar kop baie ferm.
„Ek stap saam met jou,” sê
hy. „Ek voel daar is iets wat
ons moet bespreek...”
„Nie nou nie, Douw,” pleit
sy. „Later... Gee my net tyd
om te...”

„DOUW Toerien...” sê die
stem hier agter hulle, laat
hulle albei omswaai.

„Middag, meneer Oelofse,”
sê Douw, en hy moet sukkel
om kalm te bly. „Tessa, laat ek
jou bekend stel aan my

Vervolg op bl. 93

CALMETTES Reg. No. 1/2 6/60 Valerian/Valerian Exp. Rad. Succ. 45 mg per tablet

Oorspanne?



Calmettes help om sens spanning te
verlig. Dis nie gewoontevormend nie.
Dis veilig. Dit laat jou nie duiselig
voel nie.

By alle apteke slegs R1,90 vir 50.

Calmettes®

Kalmeer jou sonder om jou te verdoof

5198/a

MOEDERS! VERWAG U 'N BABA?



BABA-UITRUSTINGS

Tien Fabrieksprijs reestreeks aan die Publiek
„DIE BESTE WAARDE IN DIE LAND”
Hierdie wonderlike „LUUKSE-UITRUSTING”

6 Handdoekstalliers	2 Wasplappies	1 Rinkel
6 Plennieliers	1 Waterdige Laken	1 Crepe Verband
2 Baba Naprokkies	2 Waterdige Broekies	
2 Babafrokke	1 Paar Gebreide skoentjies	
1 Babaveedingsbottel	2 Baba Komborse	
1 Bottelspeen	1 Baba Wolkappie	
1 Fopspeen	2 Borsplappies	
1 Blik „Johnson”	2 Borsdies	
Babapoeier	1 Baba-badhanddoek	
1 Koekie Babaseep	1 Babajaltie	
6 Groot Lulerspeldies		
18 Koerspeeldies		
12 Borsplappies		

VIR SLEGS
R19,95
STEL

L.W.: Ons stuur u 'n Babapop „GRATIS” met elke Uitrusting.
ONS IS WELBEKEND VIR ONS DIENS EN WAARDE.
Mev. V. DE BEER van KOEDESPORUIT skryf as volg: „Ons is baie
in ons skik oor die kwaliteit. Dit is eerskwaam wonderlike waarde!”

Ook HIERDIE UITRUSTING:
SPECIALE-UITRUSTING: slegs R15,95 stel
SUPER-UITRUSTING: slegs R29,75 stel
JAKARANDA-UITRUSTING: slegs R39,95 stel
PROTEA-UITRUSTING: slegs R49,95 stel
KRAANROKKE: slegs R6,95 elk
MOENIE GELD STUUR NIE. — Stuur net u bestelling met u volle
naam en adres aan ons spesiale posbestellingsafdeling. Ons sal
die pakket dadelik KONTANT BY AFLEWERING stuur.
Of besoek ons sien die Wonderlike Waarde.

Kaylee-Baba-Uitrusting-Groothandelaars
H/v Library en Meyerstraat, Posbus 351, P.O. 51-2008, Germiston.
LET WEL: Ons het geen verband met enige ander firma nie.

PLAAS U BESTELLING NOU! — POS HIERDIE KOEPON.
STUUR: ☐ LUUKSE SPECIALE JAKARANDA PROTEA KRAANROKKE

(Merk u bestelling met X) Grootte ☐

NAAM _____
ADRES _____

SPESIALE AANBOD



TV-SKINKBORDE
Twee vir **R2,80** of ses vir **R7,40.**
GESKIK VIR PIEKNIK EN VLEISBRAAI

Swaar, sterk plastiekware afkomstig van 'n bekende vervaardiger. Agt vakkies vir 'n maaltyd, slaai, broodrolletjies, koeldrank, sout en peper en mes en vurk. Beskikbaar in drie byderwetse kleure. Posgeld en verpakking is by die prys ingesluit. Aflewering binne drie weke. Voltooi die koepoen en maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie.

Aan: Republic Mail Order Company,
Posbus 12032,
Millstraat,
Kaapstad,
8010

Stuur dadelik my TV-skinkborde aan. Ek sluit 'n tjek/posorder in vir:

	R2,80 vir 2 TV-skinkborde			
	R7,40 vir 6 TV-skinkborde			
Geel	Blou	Oranje	Gemeng	

Naam
Adres
Poskode

Bevry my van jou liefde

Vervolg van bl. 84

van die verwikkeling in Henning se huwelikstaat verneem, maar hy het stilweg gehoop dat sy firma nie amptelik daarmee gemoeid sou raak nie.

Hy luister aandagtig terwyl Henning verduidelik en toe sê hy:

„Henning, jy verbaas my!” Hy lyk egter nie verbaas want so 'n emosie beaam 'n prokureur nie. Enige vertoon van emosie bly baie beheersd tot die korrespondensie beperk, en dan ook net in uitlatings soos met *genoeë* en met *leedwese*. „Is daar nie 'n moontlikheid van 'n versoenning nie?”

„Hoegenaamd nie.” „Het jy dalk ander... e... persoonlike planne?” vra mnr. Jansen subtiel.

„Nie op die oomblik nie,” sê Henning, „maar ek kan dalk later sulke planne ontwikkel. Eers — en op die oomblik — wil ek vry wees.”

„Vryheid!” sê mnr. Jansen en vir 'n oomblik lyk dit of hy 'n toespraak daarvoor wil maak. „En mev. Odendaal? Jy sê sý sal niks van haar kant ahangig maak nie? Onder geen omstandighede nie?”

„So het sy gesê en ek glo haar.”

Mnr. Jansen sit sy vingerpunte teenmekaar en tuit sy lippe. Hy oorweeg die saak. „In daardie geval sal jy maar self... die wiel aan die rol moet sit. Kom ons kyk na die moontlikhede: wat van mishandeling of geestelike wredeheid?”

Henning oorweeg die moriede verveeldheid, maar hy kan nie sien dat dit op 'n hof indruk sal maak nie. „Nee wat,” sê hy.

„Verlating?” „Kwalik.”

Mnr. Jansen skraap sy keel. „Ja, die verlating is aan jou kant, maar daar kan provokasie wees. Verlating kan geregedig wees. Daar... e...” Hy trek sy asem in en staal homself vir die banaliteit: „Daar kan die moontlikheid van 'n ander man wees.”

Henning skud sy kop. „Sy is nie so nie.”

„Is jy seker?” „So seker soos enige man kan wees.”

Mnr. Jansen kriel.

„As vroue alleen bly... Dit kan mettertyd gebeur... Die feit is, ons sal stappe moet doen om seker te maak.” „Hoe so?”

Mnr. Jansen leun vorentoe en hy kom so na aan same-swerend as wat 'n eerbare prokureur dit kan waag.

„Ons moet haar laat dophou,” sê hy vertroulik.

„Speurders?” vra Henning Odendaal geskok.

Mnr. Jansen kalmeer hom met 'n handgebaar. „Private speurders,” spesifiseer hy. „Ons verkies om hulle agente te noem. Hulle is baie omsigtig.”

DIE omsigtige agent daag 'n paar dae later by Henning op onder die omsigtige naam Botes. Hy is onbeduidend klein gebou, baie doodgewoon, effens bles en hy skep die indruk dat hy baie gedwee onder 'n pantoffelregering staan. Tussen mense sou hy geen aandag getrek het nie; Henning kan hom trouens skaars raaksien daar in die kantoor waar dit net die twee van hulle is.

Henning het skuldig gevoel oor die blote gedagte om sy vrou deur speurders of dan agente te laat dophou, maar hierdie apologetiese mannetjie maak die idee nogal verskoonbaar. Hulle konsentreer op die besonderhede wat Botes moet hê om met sy taak te kan begin — Magriet se adres en haar voorkoms. Henning het nie 'n foto van haar nie, maar nie een van hulle sien dit as 'n probleem nie. Hy kan haar baie goed beskryf en hy sluit af deur te sê:

„Maar kyk, daar is geen ander vrou daar woonagtig nie. As julle die vrou van die huis geïdentifiseer het, dan het julle haar.”

Botes aanvaar dit en hy vou die besonderhede omsigtig toe deur die papiertjie waarop dit is binne toe in te slaan. „Ons sal haar kry,” verseker hy. „As sy die kat in die donker knyp, sal ons dit wel uitvind.”

Henning is ontsteld oor die manier van stel. „Ek glo nie...” begin hy. Maar Botes maak hom stil. „Die vroulike wese is onvoorspelbaar. Ons het geleer dat jy net glo wat jy sien. Wat se soort dekking verkies u?”

„Dekking?” vra Henning. „Een man kan haar nie dag en nag dophou nie,” sê Botes en nou praat hy besigheid. „Dit verg drie man — een van agtuur tot vieruur; een van vieruur tot middernag en een van middernag tot agtuur.”

„Dit sal nie nodig wees

nie,” sê Henning 'n bietjie styf. „Twee van die drie?” „Ja, van agtuur tot middernag.”

Botes is verbaas. „Die skof van middernag tot agtuur is die belowendste. As daar enige streke is...”

„Ons laat voorlopig die derde skof uit,” sê Henning beslis.

Botes haal sy skouers op en staan op. „Jy sal my nie weer sien nie,” sê hy, verbasend genoeg. „Van nou af sal daar net daaglikse skriftelike verslae wees — met die hand afgelewer. As dit dringend is, sal een van my medewerkers bel. As dit baie dringend is, sal ek self bel.”

„Nou goed.”

„Indien u foto's verlang, sal ons daarvoor ooreen moet kom.”

Henning sluk net en mnr. Botes vertrek.

TWEE dae lank is die verslae so saai soos Henning verwag het dat hulle sou wees: „Adres opgesoek en individu geëien. Inkoop in stad, ete by kafeteria; individu deurgaans alleen...”

Dit is vir Henning eienaardig om Magriet as 'n *individu* te sien, maar hy aanvaar dit as deel van die omsigtigheid. Die derde verslag is egter verrassend: „Onbekende manspersoon kom haal individu om 19h30 by adres; individu opgenome. Volg huurmotor na Savoy-hotel waar verskeie drankies gebruik is; daarvan dan na Ritz-skouburg; vandaan na Pelican-nagklub. Het met verstryking van skof om middernag nog nie verskyn nie.”

Henning lees en herlees die verslag. *Individu opgenome, individu gebruik verskeie drankies, individu na nagklub tot middernag en tot wie weet hoe laat!* Dit is belowend vir sy egskedingsvoorneme en tog laat dit hom baie neerslagtig. *Individu saam met onbekende manspersoon...* So ken hy Magriet eenvoudig nie. Dit is moeilik om te sluk. Maar in die daaropvolgende verslae kom daar bevestiging en nog meer: „Individu neem om 13h00 huurmotor na Savoy-hotel en eet saam met onbekende manspersoon van vorige aand. Daarvandaan na private woning waar agent geen toegang kon bewerkstellig nie; om 18h00 by huis afgelaai.”

„Verskyn weer om 18h45 en neem huurmotor na Hilltop-hotel waar onbekende manspersoon (nie dieselfde as vorige nie) haar ontvang en as „my duifie” aanspreek. Individu saam met man na sy suite op twaalfde verdieping; a la carte-ete daarheen gestuur. Was met verstryking van skof om middernag nog daar. NOTA: Manspersone sal voortaan as Nommer Een en Twee onderskei word. Nommer Een is van middelmatige bou, dra deftige, konserwatiewe pakke. Nommer Twee is flamboyant, grys om die slape, pas geïdentifiseer as Jack Carpenter. Carpenter het 'n seiljag, ook Mercedes-Benz-koepee.”

Henning sit nog ongelowig na die brief en staar toe die telefoon lui en 'n man gedemp maar met gesag sê: „Mnr. Odendaal?”

Toe hy dit bevestig, sê die man: „Ek het 'n boodskap van mnr. Botes.”

„Mnr. Botes? Jy bedoel die...”

„Wel ja, Ahum! Die boodskap dan: in die lig van die verslae word voorgestel dat u die dekking na die volle drie skofte verhoog.”

„Wel, ek weet nie,” stamel Henning. Hy betreur dit dat hy die hele ding hoegenaamd begin het. Wat op aarde het in Magriet gevaar?

„Is u een van die... e... die betrokkenes?”

„By die ondersoek, ja.” „Watter een? Ek bedoel: watter skof?” „Ek gaan om middernag van diens af.” „Maar dink jy werklik...?” „Mnr. Botes voel dat ons nie vordering sal maak nie, tensy ons die siklus voltooi.”

Henning is in 'n hoek gedryf. „Kom ons doen dit dan,” sê hy ongelukkig.

„Onder hierdie omstandighede sal mnr. Botes baie geesdriftig wees,” sê die man en hy lui af.

MNR. Botes maak optimisties wees, maar mnr. Odendaal is nie. Hy voel trouens ellendig en hy kan nie verstaan hoe Magriet dit oor haar hand kry om haar so te gedra nie.

Sy het haar nooit voorheen so gedra nie. Sy het nooit in nagklubs of selfs in skouburge belang gestel nie. Dit was juis die feit dat sy van vroeg tot laat by die huis wou sit, wat hom tot raserny gedryf het.

Wat sou nou in haar gevaar het? Dit is kompleet asof sy heeltemal met toe oë vlakke gevat het.

Die eerste keer in die tien jaar sedert sy bruilof weet hy wat jaloesie is.

Hoe durf die deftige, konserwatiewe Nommer Een haar na 'n private woning neem? Hoe durf Nommer Twee, grys om die slape, tot wie weet hoe laat met haar in 'n nagklub kerjakkert? My liewe land, sy is immers 'n respektabele

Vervolg op bl. 92



TV se boskonsert vir ons grensmanne


Op 'n verhoog wat van sandsakke gemaak is, iewers op die grens, het van Suid-Afrika se voorste kunstenaars die bewakers van ons grense vermaak. Dit is alles deur TV-kameras opgeneem, sodat u die aand van 15 Junie om 9.25 dié wonderlike oomblikke kan deel

deur SHARON STARK

foto's deur BRYAN DEUCHAR

LINKS: 'n Klipgooi van Angola af is gewere opsygesit vir die konserte wat Marie van Zyl en ander vermaaklikheidskunstenaars vir die grensbewakers kom hou het. Die blondekopsangeres met die mooi stem het die troepe in ekstase gehad met haar optrede.

ONDER: Die manne op die grens het die besoek van die vermaaklikheidskunstenaars terdeë geniet. Elke vertoning het twee uur geduur. Die TV-produksie het egter net 55 minute in beslag geneem.



Die boskonsert is anders.

Ver van die gerieflike ateljees van die televisiesentrum in Aucklandpark is hierdie verskeidenheidsprogram in die buitlug onder sterre in die bosryke operasionele gebied in Suidwes-Afrika op videoband opgeneem.

Hier, 'n klipgooi van Angola af, kon grensbewakers hul gewere opsysit en saamgeskaar voor 'n verhoog wat van sandsakke en 'n platform opgerig is, na 'n konsert van die boonste rakke kyk.

Waar 'n vars nagwind waai, het bekende vermaaklikheids-persoonlikhede soos Clark McKay, Denis McLean, Cyril Green, Marie van Zyl, Neil Herbert, Flora Bonegio en haar Spaanse dansers en The Settlement, 'n popgroep wat uit vyf lede van die Staande Mag bestaan, daverende applous ontlok.

Roger Hansen en sy span het die ongewone program, 'n vonds van Robin Knox Grant, hoof van die Engelse

TV-diens, verfilm nadat hulle nagenoeg 5 000 km in vier dae in geselskap van die vermaaklikheidsman moes aflu om vier grenskampe te besoek.

Die nege kunstenaars het gesorg vir vyf vertonings waarvan een verfilm is.

„Marie van Zyl was die soldate se gunsteling,” vertel Roger. Hulle was in ekstase oor haar optrede... Flora Bonegio en haar dansers was ewe gul ontvang en met *olé's* begroet... Denis McLean was skreeusnaaks... Cyril Green was puik voor die klavier, en Clark McKay was 'n gewilde seremoniemeester.”

NIE al die konserte is op 'n sandsak-verhoog gehou nie.

„O nee...” laat Roger hoor. „Sommige van die kampe het verhoë gehad, en een het selfs 'n saal beskikbaar gestel. Maar ek wou 'n tipiese grenssituasie uitbeeld. Dus het ons die konsert in die bos verfilm. Eers sou ons die program in

'n loods opneem. Die weer was egter so gunstig dat ons besluit het op 'n buitlug-vertoning. Met 'n klompie leervoertuie in die agtergrond het ons die gewenste atmosfeer van 'n verskeidenheidskonsert in die middel van nêrens vasgevang...

Roger Hansen het op net die regte aand besluit.

Die volgende aand het derduisende muggies die konsert in die wiele gery. Aangetrek deur die sterk ligte het die lastige insekte om kunstenaars se gesigte saamgedrom sodat hulle beswaarlik kon sing of praat. Die vertoning is twee keer onderbreek om van die muggies ontslae te raak...

Verder het alles vlot verloop.

Roger kan nie uitgepraat raak oor die hulp en bystand wat hulle van die S.A. Weermag gekry het nie. Kolonel Van der Westhuizen en kaptein Van Wyk van die vryetidsbesteding- en vermaaklikheidskorps het die

groep se reisplan en verblyf haarfyn gereël, terwyl kapteins Brink en Van Wyk die geselskap vergesel het om te sorg dat hulle nie in die boswêreld verdwaal nie. „Ons is oral hartlik verwelkom,” sê Roger Hansen wat veilig met sy videoband teruggekeer het ten einde TV-kykers die geleentheid te bied om op Dinsdag, 15 Junie om 9.25 in te skakel op 'n ware boskonsert.

REGS: Flora Bonegio, die Spaanse danseres, een van haar ghitaarspelers en kaptein André Brink van die S.A. Weermag se Departement van Openbare Betrekkinge, sit gemaklik terug in die vliegtuig op pad grens toe.

ONDER: Lieflike Marie van Zyl, gunstelingdoedie van al wat grensbewaker is, teken haar naam in 'n bewonderaar se handtekeningboekie en plaas hom in die sewende hemel van geluk.



grappe



„Die direkteure doen inspeksie... kry gou 'n klomp papiere om op my lessenaar te strooi!”



„Hierdie toekenning is vir 20 jaar se troue diens, Hannes... 'n tydperk wat die firma 'n fortuin gekos het.”



„Ek weet sommer ek gaan van jou nuwe sekretaresse hou!”

Gedruk en uitgegee deur Republikeinse Pers (Edms.) Bpk. en versprei deur Republikeinse Nuusagentskap (Edms.) Bpk., albei van Suidkusweg 1322, Mobeni, Natal, vir die eienaars, Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, Henleyweg, Aucklandpark, Johannesburg.

Radio en TV DAGBOEK 13-20 Junie 1976 95

Die wêreld is vertrouwd
met Benson & Hedges-goud.



Goue Virginiese tabak in 'n
goue verpakking gee u die
goue smaak van Benson & Hedges
Special Filter Sigarette.

Verkrygbaar in Suid-Afrika en 144 lande dwarsoor die wêreld.

Partnership 312/A